NG Kerk
Vrystaat

*Erediens*

# Wet Alt2

# WET ALTERNATIEF 2

Ek is die Here, jou God.
Jesus het jou deur sy kruis en opstanding vrygemaak van die slawerny van sonde.
Daarom behoort jy aan My.

Lei daarom 'n lewe van dankbaarheid wat wys dat jy vrygemaak is...

1. Moenie by ander gode steun soek nie. Hulle laat jou vroeër of later in die steek.

2. Ek is altyd by jou teenwoordig. Daarom hoef jy nie allerlei stom beelde te maak om My teenwoordig te stel nie.

3. Moet My nie beledig deur jou goddelose, óf vrome gevloek nie.

4. Maak van Sondag 'n mooi en rustige dag. Die Here het op dié dag opgestaan.

5. Hou jou pa en ma se naam hoog. Hulle sal hulleself te kort doen ter wille van jou.

6. Respekteer ander mense se lewe. Hulle het dit immers van My ontvang.

7. As jy getroud is, moet jy getrou bly aan jou man of vrou. Veg vir die geluk van jou lewensmaat.

8. Moenie vat wat aan iemand anders behoort nie.

9. Deur die woorde wat jy gebruik – in die openbaar of in die geheim – kan jy jou medemens maak of breek.

10. Moenie jaloers wees op die geluk en voorspoed van ander nie.

(Uit Bybel Media se Woord en Fees, 2014)